## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com

**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com

**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Ina | Trollip | 07/12 |
| Susie | van Loon | 07/12 |
| Betsie | Swart | 07/14 |
| Delia | Wagener | 07/14 |
| Felicity | van Dyk | 07/15 |
| MC | Boshoff | 07/17 |
| Rudi | de Waal | 07/18 |
| Johan | Kleinhans | 07/18 |

## STRAATWERK

**"2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad.**

'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

12 Julie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 12/7**
10h00 L'Agulhas
Sinodale Kollekte
Malawi
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

Sondag 19/7
**10h00 L'Agulhas**
Sinodale Kollekte
Jeugwerk

**ALL PAY:** Elke tweede Vrydag van die maand word 'n ALL PAY Basaar by die Onse HOOP Saal gehou. Die saal staan op die terrein van die VGK Struisbaai-Noord. Suidpunt NG Kerk is ook nóú betrokke by hierdie aksie van hoop aan die gemeenskap. Daar word onder andere klere, skoene, linne, kombuis- en huistoerusting, meubels (soms), poeding en pannekoeke verkoop. Alles is skenkings en kom uit die breë gemeenskap van Struisbaai, L'Agulhas en Suiderstrand, asook van vakansiegangers wat goed uitgooi en mense wat huise oppak. Kontak asseblief vir Tones Fourie @ 0845897999 vir enige navrae, of skakel met ons Kerkkantoor by 0284356789. Enige skenking is welkom en enige persoon is welkom om daar te gaan inloer en/of iets te gaan koop.

## SINODALE KOLLEKTE - MALAWI

In die laat 1800s het sendingwerk vanuit die NG Kerk (spesifiek die Kaapse Sinode) in Malawi begin. 'n Vennootskap het ontwikkel met die CCAP (Church of Central Africa Presbyterian) en die Nkhoma-sinode in Malawi.

Die NG Kerk in Suid-Afrika help steeds met die opleiding van teologiese studente by hierdie sinode.

Die band tussen ons en Malawi is so sterk dat verteenwoordigers van die NG Kerk onlangs die 100-jarige vieringe van die Chichewa - Bybel in Malawi bygewoon het.

Projekte waarby ons tans betrokke is, is onder andere noodleniging en hulp na rampe soos Sikloon Freddy. Die Getuienisaksie Taakspan Ekologie dryf die 1000 - Boomprojek onder leiding van plaaslike Malawiese kerkleiers. Hulle beoog herbossing en omgewingsorg om die impak van klimaatsverandering teë te werk.

'n Ander projek waarmee ons help, is die opgradering van die infrastruktuur en bestuur en finansiering van mediese voorraadstore en apteke in Malawi.

**TEKS VIR DIE WEEK:** Jes 40 : 31
"...maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."

## Ons bid vir...

1. Mense wat deur moeilike tye gaan.
2. Almal wat behandeling ontvang, operasies ondergaan of aansterk.
3. Diegene wat eensaam, verwerp en hartseer voel.
4. Veilige terugkeer ná die skool-vakansie.
5. Wysheid.
6. Getuienisaksies. Spesifiek ook vandag vir die werk in Malawi.
7. Warm harte.
8. Die oorspoel van die energie wat in die tieners en kinders by Keatesdrift losgemaak is, dat dit sal bydra tot 'n groeiende kerk die heel jaar deur.

**WIE BREI SAAM?** Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. As jy wil brei, gee asb. die mus(se) in by die Kerk-kantoor (Di-Do, 08h00 - 12h00) gemerk UITREIKE. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 0725193170.

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar ingegee word by die Kerkkantoor. Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00.

## Vir ons kinders

### KOUE VOETE, WARM HART

Jare gelede, in New York, op 'n yskoue dag in Desember, het 'n seun van so 10 jaar oud kaalvoet en al bewende voor 'n skoenwinkel staan en staar. 'n Tannie sê toe baie simpatiek dat dié outjie darem diep ingedagte lyk. Die seun sê toe hy het nou net vir God gevra vir skoene. Toe vat die tannie sy hand en saam stap hulle die skoenwinkel binne. Sy vra toe vir die klerk vir 'n halfdosyn sokkies, 'n bakkie water en 'n handdoek. Sy en die seun stap na die agterkant van die winkel. Daar trek sy haar hand-skoene uit en begin om die seun se voete te was en af te droog. Die assist-ent het intussen die sokkies gebring. Sy trek toe vir die seun 'n paar sokkies aan, koop vir hom 'n paar skoene en gee hom 'n tikkie op sy kop.Verslae en met oë vol trane kyk die seun in die tannie se oë en vra haar of sy dan God se vrou is. Daardie tipe hulp kan net van God af kom of iemand wat met God geasso-sieer kan word. Kom ons wys ook met ons woorde en ons dade dat ons omgee met God se liefde in ons.

### BLAPSE IN KERK-PAMFLETTE

# Moenie dat bekommernis jou doodmaak nie. Laat die kerk help.

## Doen & Deel

### HELPMEKAAR - Groepie

Ons het die "Helpmekaar" - groepie begin, hoofsaaklik om hulp te ver-leen waar gemeentelede sukkel met huis skoonmaak en al die gewone take a.g.v. ouderdom of siekte, tydelik of oor die lang termyn. Ons wil ook graag 'n databasis begin van persone wat bereid is om te help en wat oor vaardighede beskik soos krane regmaak, kragproppe herstel, gloeilampe vervang, dalk gras sny, ensovoorts. Ons uitnodiging is dus tweeledig: (1) laat weet ons indien jy hulp nodig het; en (2) laat weet asseblief indien jy bereid is om te help. Kontakpersone: Dawie Theron (0828946070), Madie Haynes (0822932336) of die Kerkkantoor (0284356789).

**KLERE:** Dankie vir klere wat geskenk word vir ons gemeente se opwipwinkel. Ons beoog om weer 'n stalletjie te neem by die CAR BOOT SALE. Warm klere sal wel-kom wees. Merk dit asseblief JOANIE en gee dit by die Kerkkantoor af. Dinsdag tot Don-derdag. 08h00 tot 12h00. Ander klere, skoene, juwele of hoede kan ook geskenk word. Ons bêre dit vir ons September-basaar!

## Doen & Deel

### LEWERKOEKIES, PANNEKOEK & JAFFELS

Kom koop! Lewerkoekies (R10), Pannekoek (R8) & Jaffels (R25). Bestellings sluit Don-derdag 16 Julie om 12h00. Bestellings kan op 17 Julie van 12h00 tot 13h00 by die Struisbaaikerk afgehaal word.
Kontak Annamarie Judd by 0836322297.

### DANKIE VIR:

1. Schalk Pienaar (Leier Batebestuur) wat soveel aandag gee aan die instandhouding van ons geboue.
2. Coen Botha van Overberg Stainless Steel, vir sy werk en skenkings (ondersteunings-relings by die toilette, vlekvrye staalblad by die gasstofies).
3. Jason Gouws van Overberg Painters vir die verf van Struisbaaikerk se portaal en mans-toilette. Hy het die werk by L'Agulhaskerk ook gedoen en gesny aan kostes om te help dat ons sodoende meer projekte kan afhandel.
4. Kobus Meyer (Leier Uitreik) wat so getrou foto's en nuus uit Msinga met ons gedeel het. Hy, Franco en Ruth het Vrydag, 10 Julie, te-ruggekom van hulle uitreik na Keatesdrift as deel van 'n Msingaspan.
5. AL ons lidmate wat in samewerking met ander gemeentes skenking maak en help met verkope by die ALL PAY: Proppie, Johanna, Tones, Poekie, Hilda, Marietjie, Val, Elretha, Ansie, Maria, Maggie, Rina, Marietjie, Elsabé, Alphia, Susan, Ria, Suzanne, Ann, Tania.....